**Sondag 26 Augustus**

| Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:10-13 | Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:12 |
|---|---|

# Ware volgelinge van Jesus Christus sal vervolg word

Moenie verbaas wees wanneer jy vervolg word omdat jy nie wil saamgaan met die libe-rale denkrigting van ons tyd wat die gesag van God se Woord ontken nie. Die samelewing word al hoe meer vyandig teenoor gelowiges wat aan God se Woord getrou wil bly. Selfs die howe word nou ingespan om gelowiges te vervolg wat getrou wil bly aan die Woord in hulle lewenswandel. Gelowiges wat getrou wil bly aan die Woord van God, word ge-brandmerk as onverdraagsaam en haatdraend.

Aan die ander kant is daar ook die predikers wat materiële voorspoed aan geloof kop-pel. Hulle verkondig: "As jy eers glo, gaan dit net goed gaan met jou en jy gaan ryk word." So mislei hulle die mense en word hulleself ook deur hierdie valse evangelie mislei.

Die Here maak dit egter duidelik dat hierdie voorspoedsteologie 'n leuen is. In Johannes 16:33 waarsku Jesus sy dissipels: *"In die wêreld sal julle dit moeilik hê"*, en hier in 2 Timoteus 3:12 herhaal Paulus daardie waarskuwing: *"Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word."*

Dit is egter nie iets om oor bekommer nie, want die Here gee ook die versekering saam met hierdie waarskuwings dat Hy jou sal red wanneer jy in moeilike omstandighede kom. Hy neem nie die moeilike omstandighede weg nie, maar Hy dra jou wanneer jy daardeur gaan.

Moenie moedeloos raak wanneer jy aanvegtinge oor jou geloof ervaar nie. Moenie die valse voorspoedspredikers glo nie. Hou vas aan die Here se belofte dat Hy met jou is en dat Hy jou dra deur moeilike omstandighede.

*Sing: Psalm 46-1:1, 6*

*Ds. JG (George) van der Walt (Empangeni)*